IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-04-24

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 70

(Bladsye 3705 - 3784)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF HERVAT OP 24 APRIL 1986.

HOF : Is mnr. Prinsloo die persoon wat afgestaan het in die middel van sy kruisondervraging?

MNR. FICK : Dit is korrek. Die Staat wil net formeel op rekord plaas dat die Staat abandoneer hierdie getuie. Dit sal nie op sy getuienis steun enigsins verder nie.

MR BIZOS : My Lord, I do not want to ask any more questions of this witness, although I have made it clear to the State that Your Lordship may be asked to draw certain inferences from the witness, what the witness has purported to say.

COURT : I have a difficulty there, Mr Bizos, that is either I draw a line through the evidence or I start using it. Once I start using it, the abandonment means nothing and there is incomplete cross-examination. So, if you want me to draw any inferences from this evidence eventually, then I suggest you complete your cross-examination and we disregard the abandonment.

MR BIZOS : No, I have on record what I want in order to make the submissions, that we may want to make to Your Lordship, but I do not want to ask any more questions.

COURT : Very well, but would the situation then be, evidence of a factual nature was given on a certain aspect, that we take that into account or we do not take that into account.

MR BIZOS : I do not think I am going to ask Your Lordship to compare the witness's evidence. Let me make it quite clear so that there is no misunderstanding. The only submission that we may find it necessary to make to Your Lordship is why a person in his position or we will ask Your Lordship to draw an inference as to how he might have come to mention the COSAS T-shirts. That is the only limited purpose on which we are going to ask Your Lordship to possibly draw an

/inference

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

inference on. I do not want to take advantage of anything further.

COURT : Thank you, that is noted. Mnr. Prinsloo, baie dankie, u getuienis is afgehandel.

CORNELIUS VAN DER WALT SCHLEBUSCH, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Schlebusch, na die gebeurtenis van die aand van 2 en 3 September 1984 en omdat u die vuurwapen gebruik het en 'n persoon geskiet was en gedood is, het u 'n verklaring gemaak in verband met die nadoodse ondersoek in verband met die omstandighede van die dood van daardie persoon? -- Ek het so 'n verklaring gemaak.

Dit blyk dat u die verklaring op 3 September gemaak het? -- Dit is korrek.

En was dit onder eed? -- Dit was 'n beëdigde verklaring gewees.

Dit was 'n belangrike verklaring, was dit nie omdat u gevra is om die omstandighede van die skietery volledig te beskryf sodat die landdros kan besluit of die feit dat u die oorledene geskiet het geregverdig is? -- Dit is so 'n verklaring.

Die feit dat u met 'n petrolbom aangeval is, was seer sekerlik die rede waarom u u vuurwapen gebruik het? -- Ek het my vuurwapen gebruik die oomblik toe ek paniekbevange geraak het en besef het dat as ek nie 'n plan maak nie, gaan hierso moeilikheid wees.

Maar was daar enigiets erger as die petrolbom? -- Nee.

Dit was die ergste daad wat teen u gepleeg was? -- Sover, ja.

Kan u onthou of u in daardie beëdigde verklaring melding gemaak het van die petrolbom of nie? -- Ek kan nie daarvan onthou nie.

... / Want

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Want as u wel deur 'n petrolbom aangeval was en die petrol in u motor en op u klere gespat het, sou dit baie belangrike getuienis vir die landdros gewees het, nie waar nie? -- Dit is so, ja.

En seer sekerlik, as dit so was toe u die beëdigde verklaring op die 3de gemaak het, sou u klere of u liggaam seer sekerlik nog na petrol geruik het? -- Ek dink so.

U sien, ek wil dit aan u stel dat in hierdie saak u getuienis, as dit nie erg genoeg was nie, vererger is en ek weet nie vir watter rede nie? Wat sê u van daardie stelling? -- Ek verstaan nie u vraag so mooi nie.

HOF : Die stelling is dat u u getuienis oordryf. Wat sê u daarvan? -- Ek het nog nooit iets oordryf nie.

MNR. BIZOS : Sal u asseblief na 'n totostatiese afdruk van u verklaring kyk wat as BEWYSSTUK - My Lord, it is only for negative purposes. I do not want to put it in.

CCURT : Do not put it in if it does not become necessary.

MNR. BIZOS : Sal u asseblief u verklaring deurlees en die Hof die versekering gee dat die enigste ding in verband met 'n bottel is dit "Nadat ek stilgehou het, het Swartes na die voertuig beweeg en dit omsingel. Die Swartes het die voertuig, 'n Datsun bakkie, met die registrasienommer JCR 316 T met klippe begin gooi en ek het 'n slag teen die voertuig gehoor wat soos 'n bottel geklink het." Lees die hele verklaring, asseblief en sê vir Sy Edele en die geleerde assessore of daar enigiets in daardie verklaring is in verband met 'n petrolbom. Eerstens, is dit u verklaring wat voor u geplaas is? -- Ja, dit is my verklaring.

Sal u asseblief dit deurlees en vir die Hof die versekering gee dat daar geen melding in daardie verklaring is van 'n

... / petrolbom

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

petrolbom nie? -- Ja, in die verklaring is daar niks geskryf van 'n petrolbom nie.

U sê dat u 'n inspekteur is. -- Dit is korrek.

Was u ooit 'n lid van die polisie? -- Nee.

Is u as inspekteur as 'n vredesbeampte aangestel? -- Dit is korrek.

U weet vir geregtelike ondersoek doeleindes moet u 'n volledige verklaring maak as u 'n wapen gebruik het en 'n persoon gedood is? -- Ek dra kennis van die aangeleentheid.

Waarom het u die belangrike feit, as dit wel 'n feit is, in u verklaring weerhou? -- Ek het net 'n verklaring afgelê vir die doeleindes van die skietvoorval.

Ja, maar u weet dat daardie antwoord nie 'n regverdige antwoord is nie. -- Dit is al verklaring wat ek afgelê het en dit is die verklaring vir die nadoodse ondersoek op die Swartman wat gedood is in die proses.

En volgens u hoofgetuienis in hierdie hof het die skietery of 'n deel van die rede vir die skietery was die feit dat die baie gevaarlike daad teen u gepleeg is dat 'n petrolbom na u gegooi was. Is dit nie so nie? -- Dit is so, ja.

Het u enige ander verduideliking wat u aan die Hof wil gee voor ons voortgaan? -- Op die huidige stadium geen.

U sien, ek wil dit aan u stel dat gedurende die nag van 2 en 3 of die nag tussen 2 en 3 September, daar geen padversperrings in Sharpeville was nie? -- Ek het in my verklaring gesê wat ek gesien het die aand van die 2de en die 3de en die paaie wat ek gery het na ons Raadspersele toe was versper gewees.

Ek wil u asseblief vra om vir die Hof te sê presies waar die versperrings was sodat ons by die mense navrae kan doen wat daarlangs woon of u reg of verkeerd was? -- Die versperrings

/was

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

was by Mafube Drankwinkel gewees.

Hoe ver van die drankwinkel af was die versperrings?

HOF : Is dit in Sharpeville? -- Dit is in Sharpeville.

MNR. BIZOS : Hoe ver van die drankwinkel af was die versperrings? -- Die versperrings was in die pad gewees wat voor die drankwinkel verbyloop.

Hoe ver van die drankwinkel af? -- Ek het nie die afstand gemeet nie.

Min of meer en aan watter kant van die bottelstoor? -- Die bottelstoor het net een pad wat verby hom loop en die bottelstoor, as jy met die pad opkom van ons Administrasiekantore af, sit hy op die linkerkant van die pad.

Ek wil weet ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek wil net weet, loop die pad noord/suid of oos/wes of hoe loop die pad? -- Die pad loop met 'n draai van wes na suid van ons kantore af.

En daar by die drankwinkel, wat is sy rigting? -- Die drankwinkel kyk in 'n noord/oostelike rigting.

MNR. BIZOS : Is die versperrings op die suid/westelike of noord/oostelike kant van die drankwinkel?

HOF : Nee. U bedoel aan die ander kant van die pad of die duskant van die pad, dan moet dit noord/wes of suid/oos wees van die drankwinkel.

MNR. BIZOS : In watter rigting het u gery? -- Ek het van ons kantore af van 'n westelike na 'n suidelike rigting gery. Die padversperrings was voor ons die drankwinkel gekry het in die pad en daar het klippe en "tyres" gelê.

Dit is duidelik genoeg. Was die versperrings voor u by die drankwinkel gekom het? -- Die padversperrings het voor ek by die drankwinkel gekom het verby die drankwinkel en aan die ander kant van die pad gelê.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoe ver van die drankwinkel op die kant waarop u die drankwinkel genader het? -- Ek kan nie die distansie sê nie.

Min of meer? -- Ek kan nie 'n distansie sê nie.

Probeer, asseblief. Ons wil vir die mense wat daar bly gaan vra of u die waarheid praat of nie. -- Voor die drankwinkel is 'n veld en daar bly net mense op die regterkant van die pad by die drankwinkel.

Hoe ver van die drankwinkel af sodat ons die mense wat op die regterkant van die pad woon kan gaan vra? -- Ek kan nie die distansie sê nie.

Min of meer? Was dit vyftig treë, honderd treë of meters? 'n Kwart myl? Hoe ver was dit? -- Ek kan nie sê hoe ver dit was nie, want dit was donker in die nag gewees en al wat ek gesien het was in my voertuig se ligte.

Wat was die aard van die versperrings? -- Dit was buitebande van motorvoertuie en klippe en asblikke.

Moes u tot stilstand kom om die versperrings van die pad af te gekry het? -- Ek het 'n stampyster voor op my voertuig. Ek het nie nodig om tot stilstand te kom nie.

U het nie gestop nie? -- Nee.

By watter ander plek was daar padversperrings in Sharpeville gedurende die nag van die 2de en die 3de? -- Die padversperrings was op daardie pad wat ek gery het, want altwee ons drankwinkels sit op daardie pad.

By enige ander plek? -- Ek dra nie kennis van enige ander plek nie.

U sê daar was padversperrings by die ander drankwinkel. Watter drankwinkel is dit? -- Dit is Vuka.

Hoe ver van daardie drankwinkel en op watter kant van daardie drankwinkel was die padversperrings? -- Daardie drankwinkel sit baie naby aan die polisiestasie en daar was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

voordat ek afgedraai het na die drankwinkel toe 'n paar padversperrings.

Wat was die aard van die padversperrings? -- Klippe en asblikke.

Het u enige padversperrings by enige ander plek gesien gedurende daardie aand? -- Daar was baie padversperrings in die meeste van hierdie Swartwoongebiede gewees.

In Sharpeville? -- Nee, in Sharpeville dra ek nie kennis van enige ander padversperrings nie, want ek ry nie rond daarso nie.

HOF: So, u sê in Sharpeville was daar by twee plekke of in twee omgewings padversperrings. Die een was by Mafube se drankwinkel en die ander een was by Vuka Drankwinkel? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Is dit die twee drankwinkels wat daardie aand aangeval en geplunder was? -- Ek dra nie kennis dat die goed aangeval en geplunder is in Sharpeville nie, maar daar was padversperrings daar gewees en ek moes gegaan het om die goed op te pas.

HOF : En die ander plekke, waar was daar padversperrings daardie nag? -- In watter ander plekke?

U sê in die ander gebiede? -- Dit was Boipatong en Bophelong gewees waar ek gewerk het.

Wat het u in Boipatong gesien? -- In Boipatong was daar 'n paar klippe en buitebande wat in die pad gelê het op die pad wat ek ingekom het van Vanderbijl se kant af.

Watter pad is dit? -- Dit is die Frikkie Meyer Boulevard ekstensie. U ry uit 'n suid/noordelike rigting en dan draai u regs in die Swartwoongebied in.

Hoeveel plekke? -- Ek het net op een plek die buitebande en die klippe en asdromme en goed teëgekom wat in die

.../pad

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

pad gepak was.

Het u in die hele gebied rondgery of net op 'n sekere roete gery?-- Nee, ons mag net na ons drankwinkels toe gaan en na ons kantore toe gaan op die kortste roete.

En nou die ander plekke? -- In Bophelong, soos ek reeds gesê het, was daar verskeie padversperrings gewees.

Waar was hulle? -- Dit was op die pad gewees reg voor die kantoor. Hy loop ook in 'n suid/noordelike rigting.

En waar nog? -- In daardie woongebied was dit al plek gewees. Dit was by die kantoor gewees, in die pad van die kantoor.

Dus u het nou net op een plek of in een omgewing padversperrings gesien in Bophelong? -- Dit is korrek.

En waar nog? -- Dit is al drie gebiede waarin ek gewerk het op daardie tydstip.

Hoe laat het u die padversperrings gesien by elkeen? -- Nee, ek kan nie 'n tyd sê nie, want ons het deur die nag patrollie gery.

In die middel van die nag? -- Ja. Dit is vandat ek aan diens gekom het op die 2de totdat ek die oggend - tot die oggend van die 3de.

Hoe laat die oggend? -- Ek het reg deur die dag patrollie gedoen op die 3de ook en dieselfde padversperrings was maar daar gewees.

Ek wil weet wanneer het u dit vir die eerste keer gesien? -- Ek het dit die aand van die 2de vir die eerste keer gesien in Bophelong.

En in Boipatong? -- In Boipatong was dit net na middernag gewees nadat ons klaar was in Bophelong.

En in Sharpeville? -- Dit was nadat ek van Bophelong af vertrek het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoe laat? -- Ek kan nie die tyd onthou nie.

Ek wil weet of dit voor dagbreek was? -- Dit was voor dagbreek gewees.

Lank voor dagbreek? -- Ek sal sê op daardie stadium was dit omtrent so 04h00 in die oggend gewees.

04h00 in die oggend van die 3de? -- Ja.

Was al hierdie padversperrings opgerig op busroetes? Nou moet u mooi dink. Loop daar busse waar die padversperrings opgerig is? -- In Sharpeville loop daar busse op daardie pad. In Bophelong op daardie pad waar die versperrings was, is daar busse wat daarso ry en in Boipatong, daar waar die drankwinkel afgebrand het is daar nie 'n busroete nie. Dit is 'n grondpad.

So, in Sharpeville en in Bophelong was dit op busroetes en in Boipatong was dit nie op 'n busroete nie? -- Nee.

Is die busroetes die hoofpaaie? -- Ja.

MNR. BIZOS : Lê die Mafube Drankwinkel langs 'n pad wat as 'n busroete gebruik is? -- Jy moet afdraai van die busroetepad af na die drankwinkel toe.

HOF : Ja, maar wat beteken dit nou? Beteken dit dat jy in die drank inkel in ry uit die pad uit wat die busroete is of beteken dit jy moet 'n ander pad vat en ry met 'n ander pad voor jy daar kom? -- Van die pad af na die drankwinkel toe, is dit omtrent so 250 treë. Daar is 'n kaal stuk grond voor die drankwinkel. So, jy moet van die busroetepad af draai na die drankwinkel toe.

En op watter pad was die versperrings? Op die busroete of op die afdraaipad? -- Dit was op die busroete voor jy afdraai na die bottelstoor toe.

MNR. BIZOS : Is die Mafube Drankwinkel ongeveer 100 meter van die polisiestasie af? -- Ek weet nie die presiese distansie nie, maar dit kan moontlik wees.

/Min

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Min of meer? -- Dit is min of meer die regte distansie.

Sê u vir die Hof dat daar padversperrings was tot ongeveer 'n honderd meter van die polisiestasie af gedurende die nag van die 2de/3de tot vroeg die oggend van die 3de? -- Dit was vroeg die oggend van die 3de wat daar padversperrings was.

Was daar polisie by die polisiestasie die aand? -- Ek neem aan daar is polisiemanne op die polisiestasie.

'n Ongewone groot aantal polisiemanne op die betrokke nag? -- Ek dra nie kennis hoeveel SAP lede daar was nie, want ons het nie met hulle geskakel op daardie tydstip nie. Al wat ons met hulle in verbinding was, was wanneer ons self teëspoed opgetel het en dan het ons hulle gekontak.

Het u nie opgemerk dat daar buitengewoon baie polisiemanne die nag by die polisiestasie was nie? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Is Frikkie Meyer Uitbreiding die naam van die straat waar dit binne-in Boipatong kom? -- Nee, ek het gesê jy draai van Frikkie Meyer Boulevard af, hy loop uit Vanderbijl uit na Sebokeng toe. Jy draai regs van hom af as jy uit Sebokeng uitkom om uit die Swartwoongebied te kom.

Is u aangeval in Sharpeville daardie aand? Of daardie nag voor 06h00 of 07h00 die oggend? -- Ek het onder geen omstandighede gesê dat ek aangeval is in Sharpeville nie. Ek het genoem dat daar sporadiese klipgooiery was na al ons voertuie in Sharpeville.

Is dit nie 'n aanval nie? -- U kan dit seker klassifiseer as 'n aanval.

By watter plek is u voertuig aangeval te Sharpeville gedurende die nag? -- Daar is klippe na ons voertuie gegooi by Mafube Drankwinkel.

Is dit die drankwinkel wat naby die polisiestasie is? --



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Nee, Vuka is die een wat naby die polisiestasie is.

Nie Mafube nie? -- Nee.

HOF : Het u nie netnou gesê Mafube is 100 meter van die polisiestasie af nie? -- Ek het gesê die een is Vuka en die ander een is Mafube.

Ek weet dit, maar in die kruisverhoor nadat ek u gevra het, het begin met Mafube.

En toe sê u dit is 100 meter van die polisiestasie af? -- Dit is korrek.

Is Mafube 100 meter van die polisiestasie af? -- Dit is Mafube, ekskuus, wat naby die polisiestasie is.

En u is aangeval met klippe by die Mafube Drankwinkel? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Dit is ongeveer 100 meter van die polisiestasie af? -- Dit is seker 100 meter. Ek weet nie.

Hoe laat was dit? -- Ek kan nie 'n spesifieke tyd onthou nie.

Min of meer? -- Dit was voor dagbreek in elk geval gewees.

Min of meer voor dagbreek? -- Ja, min of meer voor dagbreek.

Het u onmiddellik na die polisiestasie gegaan en gesê "Kyk, hier is mense wat klippe gooi"? -- Ek het dit op my radio gerapporteer aan my beheerstasie en my beheerstasie het verdere stappe gedoen in verband met die aangeleentheid.

Het u nie na die polisiestasie gegaan om dit onmiddellik te rapporteer en miskien die mense wat nou besig was om klippe te gooi te probeer aantref of uiteen jaag nie? Waarom het u nie na die polisiestasie gegaan as dit nou gebeur het nie? -- Omdat ek opdrag van my beheerstasie gekry het om alle klipgooivoorvalle aan hulle te rapporteer en hulle sal verdere stappe doen, hulle sal die nodige mense kontak om

.../ werk

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

werk te kom verrig daar.

Het u verder gery binne-in Sharpeville waar u miskien u lewe in gevaar stel sonder om die kans te neem om na die polisie te gaan om u te beskerm? Of saam met 'n patrollie uitgaan? -- Ek het netnou aan die Hof gesê dat ons het die kortste roete na ons gebiede toe gery waar ons moes gaan bewaak het of inspeksie mōes gedoen het om te kyk of die plek nog veilig is. Ek het die kortste roete gebruik na die een plek toe en as ek daar klaar is, verwyder ek myself weer uit die Swartwoongebied uit.

Is daar na u voertuig of na u enige klippe by enige ander plek in Sharpeville gedurende die nag gegooi? -- Ek was net een keer met klippe gegooi in Sharpeville en daar was een geluid teen die voertuig gewees, maar verder dra ek nie kennis van enige klipgooiery na my voertuig toe nie.

Was daar net een plek in Sharpeville waar u aangeval was? -- Dit is korrek.

Nie meer as een plek nie? -- Nee.

Maar u sien in u hoofgetuienis het u gesê dat u in Bophelong skerp aangeval was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ons praat nou van Sharpeville.

MNR. BIZOS : Ja, maar op die 3de was daar 'n paar aanvalle teen u in Sharpeville? Wat se getuienis moet ons nou glo?

HOF : Wag nou net so 'n bietjie, mnr. Bizos. U het tot dusver gekruisverhoor oor die nag tot voor dagbreek op die 3de en nou stel u 'n stelling wat die hele 3de dek. Dit is iets anders.

MR BIZOS : I have a telegraphic style note that it was - I have the following note "Baie te Bophelong in Sharpeville ook" and then some more questions were asked. But there is certainly not die impression given that there was only one

.../ attack

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

attack in Sharpeville, but I will be guided by Your Lordship's note.

COURT : My note is "Dat die voertuig is aangeval die oggend van die 3de September in Sharpeville en daar is baie skade in Bophelong aangerig. Dit was deur die loop van die dag."

MR BIZOS : Well, I will leave it at that. The record will speak for itself.

U sien, ek wil aan u stel dat dit blyk dat daar geen aanvalle te Sharpeville gedurende daardie nag van die 2de tot die 3de was nie. Wat sê u daaromtrent? -- Ek het gesê dat my voertuig is aangeval te Sharpeville daardie nag en dit is wat gebeur het met my voertuig op daardie nag.

Het die mense wat u voertuig aangeval het in Sharpeville die nag daar by die polisiestasie 'n groot geraas gemaak? -- Ek kan nie sê of hulle 'n geraas gemaak het nie, want hulle het uit die donker uit klippe gegooi en my voertuig se vensters was toe gewees op daardie stadium. Dit was redelik koel gewees in die oggend.

Was die oggend van die 3de 'n koel of 'n warm oggend? -- Ek het koud gekry.

Gedurende die ure 06h00 tot 09h00 was dit koud of warm? -- Soos ek reeds vir die Hof gesê het ek het koud gekry daardie oggend, dit is hoekom my voertuig se vensters toegemaak was.

Ja, maar na sonsopkoms was dit nog koud? -- Na sonop was die temperature redelik gewees.

Het u nog 'n jas aangehad? -- Ek het onder geen omstandighede gesê dat ek 'n jas aangehad het nie, want op daardie stadium het ek nie een by my gehad nie. Dit is hoekom ek my voertuig se venters toegemaak het sodat ek nie moet koud kry nie.

U sien, ek wil dit aan u stel dat die getuienis van u

/ dat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

dat daar 'n aanval op u in Sharpeville gedurende die aand was, is 'n soortgelyke byvoeging as die petrolbom?

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ekskuus tog dat ek onderbreek. Terwyl ons op die punt van die petrolbom terug is. Ek is bevrees daar is 'n yslike verwarring oor die hele petrolbominsident in die kruisondervraging. Kan ek net so 'n paar vrae stel, asseblief?

MNR. BIZOS : Seker.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Wil u net weer kyk na u u verklaring wat u daar voor u het. Wanneer is die man gedood? Was dit op 2 September of was dit op 13 Februarie 1985? -- Nee, 13 Februarie 1985 was ek op Kroonstad gewees en daar was 'n paar mense gewond met die haelgeweer, maar die skietvoorval met die vuurwapen ek kon nou nog nie bepaal het of dit wel my patroon was wat die man gedood het nie, alhoewel ek 'n paar skote afgevuur het op daardie stadium.

Ek is nog steeds hier in die middel van die wêreld, want my notas oor 13 Februarie was dat u het uit die bus geklim en u het 'n skoot met die haelgeweer oor die mense se koppe geskiet. -- Dit is korrek. Dit is in Seeisoville.

Dit is heeltemal korrek. Toe het u op die skare gevuur en die mense het uiteengespat? -- Korrek.

Tussen die aanvallers was 'n man met 'n wit COSAS hemp? -- Dit is korrek.

Daar was verskeie ander T-hempies? Daar was nog wittes maar u kon nie tel nie. Een Swartman het bly lê op die grond. Die polisie het hom verwyder. -- Dit is korrek.

Dit was u getuienis oor die Seeisoville storie. -- Dit is korrek.

Oor die insident in Sharpeville - ekskuus ... -- Dit was Bophelong gewees.

Oor die insident in Bophelong op die 3de het u nie vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die Hof gesê dat iemand bly lê het nie. -- Ek het niemand gesien nie. U sien, die ding is, agterna het brigadier Viljoen gekom nadat ons gevuur het en ek my verklaring afgelê het in verband met die aangeleentheid, en toe vra hy watter persoon het met skerp punt ammunisie gevuur. Toe het ek vir hom gesê ek het met skerp punt ammunisie gevuur. Toe sê hy vir my daar is een man by die hospitaal opgeneem met 'n koeël-wond.

Sê u hulle kon nie vasstel met watter koeël die persoon getref is nie? -- Hulle weet wel hy is daardie aand gedood, maar die nadoodse ondersoek - kyk, ek gebruik nie ronde bal punte soos die SAP gebruik nie. Ek gebruik "soft noses", want hy spat uitmekaar uit, die patroon, sodra hy 'n been of iets tref binne-in die liggaam.

MR BIZOS : With respect, I am completely satisfied that the affidavit deals with the incident as described on the 3rd, but if there is going to be any difficulty about it, I would rather put a copy of the affidavit in as exhibit.

ASSESSOR (MR KRÜGEL) : I am also satisfied.

MNR. BIZOS : Ek wil dit aan u stel dat die getuienis wat u in verband met die aanval in Sharpeville gedurende die nag van die 2de/3de soortgelyke getuienis is as die petrolbom wat nie daar was nie en geen melding daarvan gemaak is in die verklaring nie? -- Soos ek vroeër vir die Hof gesê het dat my voertuig was aangeval in Sharpeville en ek het dit aan my beheerstasie gerapporteer wat verder met die SAP gekontak het. Wat die SAP se optrede daarna was, dra ek nie kennis van nie, want ek was net daar gewees om die Raad se eiendom te beskerm of probeer beskerm na die beste van my vermoë.

Het ek u getuienis reg verstaan dat u het vir 'n paar dae na die oggend van die 3de in die Lekoa gebied gepatrolleer? -- Op daardie stadium was dit nog ons regsgebied gewees, maar

/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

op die oomblik is dit die Munisipale polisie van Lekoa se regsgebied. Ek het Bophelong, Boipatong en Sharpeville gepatrolleer op daardie dae.

Ja, ek wil net u antwoord verstaan. U sê dit was u gebied op 3 en 4 September. Wat bedoel u daarmee? -- Toe was daar nog nie Munisipale polisie kon doen wat ons op daardie tydstip gedoen het nie

Ons sal miskien weer daarnatoe terugkom, maar laat ek vir u 'n paar vrae vra in verband met die patrolliewerk wat u gedoen het. Hoeveel dae het u in die gebied gepatrolleer? -- Ek het van die 2de af tot en met die 5de die gebiede gepatrolleer met rusposes tussenin van so 'n paar ure se slaap.

Saam of afsonderlik van die polisie? -- Ons het net patrolliedienste gedoen na ons plekke toe. Die SAP het baiekeer ons pad gekruis met die werk wat ons gedoen het. Ons het baiekeer met mekaar kontak gehad, maar daar was nie tyd om te stop en te gesels nie,

En het ek u getuienis korrek verstaan, u het net een wit COSAS T-hemp gesien by Seeisoville in Februarie 1985? -- Daar was baie wit hempies gewees, maar ek het net een gesien met die naam van COSAS op op daardie stadium. Ek kon nie lees wat op die ander hempies staan nie, maar daar was wel 'n aantal ander T-hempies tussenin gewees.

<u>HOF</u> : Wat sê u nou? Sê u dat u by Seeisoville net een wit T-hemp met COSAS op gesien het? -- Dit is korrek.

Of sê u dat u in die hele Lekoa gebied in Februarie - in daardie tyd net een wit COSAS T-hemp gesien het? -- Soos ek die vraag verstaan het praat ons nou van Seeisoville.

Nou goed, ons praat van Seeisoville.

<u>MNR. BIZOS</u> : U het dit as merkwaardig beskou dat u 'n COSAS T-hemp gesien het en is dit die rede waarom u melding daarvan

.../ gemaak

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gemaak het? -- Ek het melding gemaak van die T-hemp omdat ek die ding gesien het.

En as u soortgelyke T-hemde sou gesien het tydens u patrolliewerk gedurende die 3de en die 5de, sou u seer sekerlik ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is 3 tot 5 September 1984.

MNR. BIZOS : Ja, 3 tot 5 September 1984, sou u seer sekerlik ook melding daarvan gemaak het? -- As ek hulle gesien het sou ek melding gemaak het daarvan.

Ek wil vir u vra vir alle doeleindes in die saak, wat wel u werk was in die Lekoa gebied gedurende Julie/Augustus 1984? Wat was u werk? -- My werk was gewees om te probeer om die Raad se eiendom te beskerm tot die beste van my vermoë.

HOF : Julie/Augustus 1984? Dit is voor die uitbreek van die onluste? -- Jammer. My werk was gewees om loonregisters na te gaan en bewysboekstelsel, toe dit nog in werking was. Registrasiefooie en vervoerheffings wat die Blanke moet betaal aan ons en registrasies van Swartes.

MNR. BIZOS : Was u ook besig om mense vir hulle bewysboeke te vra? -- Dit was op daardie stadium 'n deel van my funksie om mense te vra vir bewysboeke as hulle het.

En as hulle nie het nie?-- Dan het ons die nodige stappe gedoen om die bewysboek te bekom.

En hulle te arresteer as dit nodig is? -- As dit nodig is.

Wie was u werkgewer? -- Die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad is my werkgewer.

Is u nie gesekondeer nie? -- Ek werk nie vir die Stadsraad van Lekoa nie, ek werk nog steeds vir die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad.

Gedurende Julie en Augustus was u ook behulpsaam met die insameling van huurgeld? -- Ons het net die mense - ons het

/ net

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

net escorts gery vir die mense wat wel die geld ingesamel het.

Wat was die werk van die escorts gedurende die vreedsame periode van Julie en Augustus 1984 dat dit nou nodig was om escorts te ry? -- Daar is net aan ons opdrag gegee om saam met die mense te beweeg om te kyk dat hulle hulle werk in vrede kan afhandel.

Wat se werk moes hulle in vrede afhandel? -- Die insameling van die fooie en huurgelde en goed.

Seer sekerlik was julle nie soos skuldeisers wat van deur tot deur gegaan het om die geld in te samel nie? -- Ons het na die plekke toe beweeg, van adres na adres wat ons het van mense wat wel bedrae aan die Raad skuld.

HOF : Mense wat agterstallig is? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Wat was die optrede? Wie het die mense genader? -- Die betrokke persone wat daarmee werk om die fooie en agterstallige gelde in te vorder. Dit is mense wat daarmee werk pertinent, die Raad se eie regsafdeling en ons het maar net saam met die mense gery om te kyk dat alles goed afloop.

HOF : Wat noem julle daardie amptenare? U is 'n inspekteur. Wat is daardie amptenaar se naam?-- Hy werk vir die Raad se regsafdeling.

Maar wat noem julle hom? Is hy net 'n regsamptenaar van die Raad? -- Hy is 'n regsamptenaar van die Raad.

MNR. BIZOS : Regsamptenaar. Het die mense gegaan om die geld in te samel of om die huise toe te sluit? -- Die mense het gegaan om hulle werk te doen wat hulle veronderstel was om te doen. Ek het net saamgery. My werk was net gewees om te kyk dat die mense nie lastig geval word terwyl hulle hulle werk doen nie.

HOF : U moet net die vraag beantwoord. As u nie weet nie moet u sê u weet nie, maar as u weet moet u vir ons sê wat

... / hulle

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

hulle gedoen het, wat is hulle werk? -- Hulle werk is om die Raad se geld en goed in te vorder.

MNR. BIZOS : Wat het hulle gedoen toe u saam met hulle van huis tot huis gery het? -- Hulle het hulle werk gedoen soos wat hulle veronderstel was om dit te doen.

Is u skaam om vir ons te sê wat hulle werk was? -- Ek dra nie kennis wat die mense se werk is nie. Ek is net aangesê om saam met die mense te beweeg en te kyk dat daar nie moeilikheid is nie.

Het u miskien na die ander kant gekyk by elke plek waar julle aangedoen het om nie te sien wat hulle doen nie? -- Dit is soos ek reeds vir die Hof gesê het, ek was net daar gewees om te kyk dat die mense nie lastig geval word terwyl hulle hulle werk doen nie.

HOF : Waar was u? Was u 500 meter weg of het u saam gestap tot by die voordeur? -- Ek het in my voertuig gebly sit en ek het met my voertuig gery en hulle het met hulle voertuig gery. Ons het net agter hulle aangery om te kyk dat hulle nie lastig geval word nie.

MNR. BIZOS : Het u in dieselfde voertuig gery saam met die mense of in 'n aparte voertuig? -- Ek het in my eie voertuig gery. Hulle het met hulle eie voertuig gery.

Het u ooit gesien dat die mense wat in u geselskap was van huis tot huis gegaan wat agterstallig was met die huur en die huis toegesluit het? -- Ek dra nie kennis van die aangeleentheid nie.

Nooit nie? -- As hulle dit gedoen het, was dit nie terwyl ek by hulle was nie, want die stadium toe ek by die mense was het hulle net briewe afgegee aan die huise waar die huurgeld agterstallig was.

En het hulle nie kinders en oumas en ou mense uit die

..../ huise

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

huise gesit en dit toegesluit nie? -- Soos ek reeds gesê het, die dag toe ek saam met die mense was, het hulle papieraanmanings aan die mense afgegee wat in 'n koevert verseël was.

Was u gewapen? -- Ek is elke dag van my lewe gewapen.

HOF : Hoeveel keer het u saamgery? -- Ek het een keer saam met die mense gery om hulle te help om die waarskuwingsgoed af te lewer.

MNR. BIZOS : Net een keer? -- Ek het net een keer saam met die mense gery.

Ek dink my vraag was of u dit van tyd tot tyd gedoen het en u het gesê ja? -- Ons het van tyd tot tyd opdrag gekry om dit wel te doen, maar dit is nie een spesifieke persoon wat die opdrag gekry het nie. Ons was op daardie stadium vyftien inspekteurs wat die werk gedoen het.

Het 'n inspekteur saam met die mense gery elke keer wanneer hulle dit gedoen het? -- Sover my kennis strek was daar elke keer inspekteurs saam met die mense as hulle in die woongebied ingegaan het.

Is daar enige beskrywing op die voertuie van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad? -- Op daardie stadium het ons nog net vlootnommers op ons voertuie se modderskerms aangebring gehad.

Vir hoe lank het u vir die Ontwikkelingsraad of vir die Administrasieraad gewerk?-- Ek werk tans amper sewe jaar vir hulle.

Het u werk enigsins verander vanaf 1 Januarie 1984 of nie? -- Kan u net weer die vraag vir my duideliker stel?

Het u dieselfde werk gedoen vir die hele tydperk wat u daar was vir die vyf jaar van die begin af tot Augustus 1984? Was dit altyd dieselfde? -- In die Blankedorpsgebied was my werk elke dag dieselfde gewees.

..../En

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

En in Sharpeville, Bophelong, Boipatong en Sebokeng was daar enige verskil in die werk gedurende die tydperk?-- Namate die wetgewing verander het, so het ons ons werk aangepas om in die gebiede die nodige werk te verrig wat in daardie omstandighede nodig was.

Van watter verandering praat u? -- Hoe bedoel u?

U sê tot die wet verander het? Watter verandering praat u nou van? -- Ek het gesê van tyd tot tyd soos die wet verander het, het ons ons werk aangepas om ons werk te doen na die beste van ons vermoë.

Ek wil weet of u besoeke binne Sharpeville en Sebokeng en die ander gebiede dieselfde was gedurende die tydperk Januarie tot Augustus as wat dit voorheen was? -- Ons het dieselfde tipe werk verrig wat ons normaalweg verrig het binne-in die woongebiede totdat die Munisipale polisie van Lekoa oorgevat het.

HOF: Wanneer het hulle oorgeneem? -- Hulle is nog besig om die persele oor te neem. Hulle het Januariemaand in volle gang begin.

Van watter jaar? -- Januarie 1986 het hulle heeltemal in volle gang in werking gegaan.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U het op 'n vraag van My Geleerde Vriend hier gesê dat u het die een COSAS T-hempie gesien en daar was ander wittes ook en toe was u daarna gevra as u ander T-hemde sou gesien het, of u dit sou gemeld het. Nou wil ek net duidelikheid kry. Bedoel u gedurende aanvalle op u of bedoel u sommer waar u in die strate gepatrolleer het en daar het mense vreedsaam geloop met ander T-hemde, sou u dit gemeld het? Wat is die posisie? -- Ek sou die T-hempie gemeld het as ek hom gesien het in enige omstandighede.

GEEN VERDERE VRAE.

/ MNR. FICK

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. FICK : Die Staat roep Andries Dewald Niemand. Dit is 'n polisiebeampte wat getuig oor Sharpeville vir die tydperk die 3de tot die 5de. Ek sal hom lei oor die 3de en die nag van die 2de.

ANDRIES DEWALD NIEMAND, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Krugersdorp?-- Dit is reg.

U het op 2 September 1984 om 22h00 aangemeld vir diens te Sebokeng? -- Dit is reg.

U het daardie nag gebiede, 13, 14 en 15 in Sebokeng gepatrolleer? -- Dit is reg.

Met wat het u gepatrolleer? -- Ek het die patrollie uitgevoer met 'n swerwer, so 'n klein pantservoertuigie.

Het u die heelnag die patrollie uitgevoer? -- Feitlik die heelnag. Af en toe moes ek wel stop om die voertuig te hervul met water, want die voertuig het 'n waterlek op een van sy waterpype gehad.

En dan het u met tye stil gestaan om die voertuig reg te kry? -- Dit is reg.

In die gebiede waar u gepatrolleer het, 14, 13 en 15, was daar enige voorvalle daardie nag? -- Daardie nag was daar geen voorvalle in die gebiede wat deur my gepatrolleer was nie.

HOF : Was die strate skoon?-- Die strate was skoon.

MNR. FICK : Die oggend van 3 September 07h20 was u op pad na Sharpeville gewees? -- Dit is reg.

Dit was nadat u stilgestaan het om die voertuig weer reg te maak?-- Dit is korrek so.

In watter straat het u gery in Sharpeville? -- Ek het Sharpeville ingekom in Seeisostraat van die Administrasieraad

.../en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

en opbeweeg tot by Sharpeville polisiestasie.

Wat het u daar aangetref? Wat was die toestand van Sharpeville waar u gery het? -- Op daardie stadium was die strate versper met bakstene, rommel, verkeerstekens wat uit die grond gebreek was, busterminus, huisies wat afgebreek was, stukke beton, skoolbanke, feitlik enige ander tipe van materiaal wat los gelê het.

Het u enige mense teëgekom in die straat? -- Daar was redelik baie groepies van tussen veertig en vyftig, soms meer, soms minder.

En hulle gedrag? -- Hierdie groep het met enige denkbare voorwerp na my voertuig gegooi. Daar was klippe gebruik, bakstene, stukke beton, selfs stukkies metaal.

Het u gehoor of hulle enigiets gesê het of geskreeu het vir u? -- Ek kon hoor dat daar iets geskreeu word, maar as gevolg van die lawaai van die voertuig kon ek nie uitmaak presies wat geskreeu was nie.

Enige tekens? -- Die gebalde vuis was in die lug gesteek.

Het u toe op 'n stadium by die polisiestasie in Sharpeville verbygery en in 'n ander straat afgedraai? -- Dit is korrek so. Ek het verby die polisiestasie gery en daarna afgedraai in Semestraat.

Wat het daar gebeur? -- Aan die onderpunt van Semestraat het ek afgekom op 'n skare van plus-minus driehonderd-en-vyftig. Hierdie skare het bestaan uit jeugdiges sowel as grootmense van beide geslagte. Die skare het afbeweeg in Hulwanestraat.

En toe? -- Ek het die skare genader en my voertuig tot stilstand gebring. Op hierdie stadium was daar reeds na my voertuig deur hierdie skare gegooi met klippe en bakstene, stukke beton en ook weer ander voorwerpe. Van die mense in die skare was ook gewapen met stokke en stukkies pyp asook

/ ander

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ander voorwerpe wat ek nie kon identifiseer nie. In hierdie skare het ek ook opgemerk dat daar van die betrokkenes geklee was in wit T-hempies asook geles. Die wit T-hempies het die woord COSAS voor opgehad en die geel T-hempies die UDF wapen op die bors met die letters UDF aan die bokant. Hierdie skare was deur my gewaarsku om uiteen te gaan en terug te beweeg na hulle huise.

Hoe het u hulle gewaarsku? Met wat? -- Mondelings. Soos ek sê, die voertuig het op daardie stadium gestaan. Ek het my kop bo by die luik uitgesteek en hulle so gewaarsku.

Wat was hulle reaksie toe u sê hulle moet huis toe gaan? -- Die aanval op my voertuig was verskerp. Ek het ook die woorde "Power to the people" vanuit die skare gehoor.

Een keer of 'n paar keer?-- Verskeie kere. Daar was ook ander uitroepe wat ek nie kon identifiseer nie.

Wat het u toe gedoen? -- Daarop het ek traanrook asook rubberkoeëls op die skare gevuur waarop hulle uiteen gebars het.

Watter tyd was dit ongeveer toe hierdie voorval plaasgevind het? -- Dit was plus-minus 07h30.

Hierdie strate waarmee u gery het, was hulle versper of nie, afgesien van Seeisostraat waarvan u gepraat het? -- Hierdie strate was reeds ook versper.

Dit is nou Seme en Hulwanestrate? -- Dit is korrek so.

Was dit maar die gewone soos die ander voorwerpe wat u reeds genoem het wat gebruik was? -- Dit is korrek so. Onder andere was daar in Hulwanestraat ook 'n boomstomp wat aan die brand gesteek was.

HOF: Was dit busroetes of weet u nie? -- Ek is nie seker nie. Ek vermoed die busse loop daar ook.

MNR. FICK : U het deur die loop van die dag periodiek aangegaan

..../ met

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

met patrollie soos u u voertuig reggemaak het? -- Dit is reg.

En het u orals in die paaie waar u was van die versperrings gekry? -- Dit is korrek so.

U was net in Sharpeville? -- Ek was net in Sharpeville.

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 20 TO LEAVE THE COURT FOR MEDICAL PURPOSES.

MNR. FICK : Net volledigheidshalwe, u het die volgende dag, 4 September weer patrollie gery in Sharpeville? -- Dit is korrek so.

HOF : Net voor ons by die volgende dag kom, die 3de, as u sê daar was orals versperrings in die paaie, is dit nou op elke pad, elke tweede pad of feitlik orals? -- Die oggend toe ek begin het in Sharpeville was dit basies net die hoofroetes. Later in die dag was dit feitlik elke pad.

MNR. FICK : En die 4de het u weer in Sharpeville patrollie gery? -- Dit is korrek so.

Was daar nog padversperrings? -- Die padversperrings was nog steeds daar. Ek het veral gekonsentreer op Seeisostraat, die hoofstraat. Op verskeie plekke was die pad so versper dat die voertuig nie kon verbykom nie. Daar was van die versperrings deur ons verwyder en dan as jy later op dieselfde punt kom, dan is die versperrings maar net weer teruggeplaas in die pad.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Gedurende die nag van die 2de tot die 3de, toe u in Sebokeng was, het u orals in Sebokeng patrolliewerk gedoen? -- Nee, ek het slegs gebied 13, 14 en 15 gepatrolleer.

Die hoofteerpad wat langs die zones verbygaan, het u dit ook gepatrolleer? -- Ek het ook in hom patrollies gery.

En daardie pad was ook nie op enige manier versper nie? -- Nie toe ek hom gery het nie.

..../U

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

U het vir ons gesê u is Sharpeville toe ongeveer 07h20? -- Dit is korrek.

Hoe laat min of meer het u Sebokeng verlaat? -- Ek sou sê rofweg so 06h50.

Het u met die hoofpad van Sebokeng na Sharpeville gery? -- Wel, ek het voor ek na Sharpeville vertrek het omtrent 'n uur by Sebokeng polisiestasie gestaan waar ek reparasies aan die voertuig aangebring het.

By watter polisiestasie? -- By die polisiestasie in Sebokeng self.

As dit nou korrek is, hoe laat sou u vir die heel eerste keer by Sharpeville gekom het? -- 07h20.

Maar as u Sebokeng net voor 07h00 verlaat het en u het vir 'n uur by die polisiestasie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, hy het by die polisiestasie vir 'n uur voordat hy Sebokeng verlaat het.

MNR. BIZOS : O, ek sien. Jammer. Toe u Sharpeville - toe u by Sharpeville aangekom het, kan u onthou in watter deel van Sharpeville u gekom het? -- Ek het Sharpeville binnegekom vanaf die Administrasieraad se kantore se kant. Ek sal sê dit is die oostekant.

In Seeisostraat?-- In Seeisostraat.

Vir hoe lank het u in Seeisostraat gery van die Administrasiekantore af voor u die eerste versperrings gesien het? -- Van die Administrasieraad se kantore plus-minus vier-, vyfhonderd meter.

Weet u waar die busterminus by Sharpeville is? -- In die hoofstraat is daar verskeie busterminusse. Daar is een plusminus in die middel van Seeisostraat waar daar 'n redelike lang konstruksie is waar die mense vir die bus wag.

Sal u net asseblief u antwoord herhaal? -- Plus-minus

/in

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

in die middel van Seeisostraat is 'n redelike groot busterminus. Daar is 'n konstruksie, ek weet nie presies hoe lank is hy nie, maar ek skat hom so tussen vyftig en sewentig meter.

Is dit waar u die eerste versperrings gesien het? -- Nee, die eerste versperrings was reeds voor hom. As ek vinnig kan verduidelik. Waar 'n mens by die Administrasieraad verbygaan waar die woonhuise as sulks begin, is waar ek die eerste versperrings gekry het. Die versperring by die busterminus, ek weet nie presies hoeveel versperrings was daar nie, maar dit kan moontlik die vierde of die vyfde of die sesde versperring wees wat ek gekry het.

As u van versperrings praat, sluit dit ook klippe en bakstene in wat miskien na polisievoertuie gegooi is en op die pad beland het? -- Nee, as ek praat van versperrings, dan is dit soos ek reeds genoem het die verskillende tipe voorwerpe wat in 'n ry of rofweg in 'n ry bo-oor die pad gepak is.

Dit was na 07h20? -- Dit was na 07h20 in die oggend.

Het u destyds kolonel Viljoen daar gesien toe u daar gekom het of terwyl u patrolliewerk gedoen het? -- Ek het kolonel Viljoen verskeie kere gedurende die dag gesien.

Wanneer was die eerste keer? -- Ek is nie seker wanneer dit die eerste keer is wat ek hom gesien het nie.

Maar nie kort na u aankoms daar in Sharpeville nie? -- Nie kort na my aankoms nie.

Het u miskien gehoor wat die kolonel besig was om te doen terwyl u by die polisiestasie was of terwyl u op pad na Sharpeville was van Sebokeng af?-- Ek was in radioverbinding met die ander voertuie, maar daar is so gedurig gesprekke op die radio, dat jy kom op 'n stadium waar jy nie meer spesifiek luister wat aangaan nie, behalwe as hulle jou roepsein

/spesifiek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

spesifiek gebruik.

U sê u is deur 'n groep van tussen driehonderd en driehonderd-en-vyftig mense aangeval? -- Terwyl ek in Seeisostraat gery het nie. Dit is 'n groep wat ek later in Hulwane en Tswanestrate gekry het.

Hoe ver is daardie hoek van Seeisostraat af? -- Ek is nie 100% seker nie. Ek sou sê dit is omtrent tussen 'n halwe kilo en 'n kilometer.

HOF: Is dit nou waar die aanval?is?

MNR. BIZOS : Waar die aanval is. Hoe ver van die groot busterminus af waarvan u gepraat het? -- Ek sal sê dit is rofweg omtrent dieselfde distansie.

En ons het u getuienis in verband met die UDF en COSAS T-hemde. Kan u vir ons sê van die driehonderd of driehonderd-en-vyftig mense hoeveel van hulle UDF T-hemde aangehad het, as u kan? -- Dit is moeilik om te sê. Jy sien die skare in sy geheel. Ek sal sê wat ek spesifiek gesien het met verskillende T-hempies aan kan wees in die omgewing van vyftien. Dit kan meer wees.

Altesaam? -- Altesaam.

Was dit van enige belang vir u op daardie tydstip om waar te neem wie 'n wit of 'n rooi of 'n geel T-hemp gedra het? -- Dit was vir my net opmerklik gewees dat meeste van die mense het normale alledaagse klere aangehad en dan was daar spesifiek mense tussenin met die wit en geel T-hempies. Hy het basies uitgestaan.

Waarom is so 'n hempie nie alledaags nie? -- Dit is alledaags, maar as 'n mens verskeie sien met dieselfde soort, dan is dit opvallend.

Wanneer het u in enige skriftelike verklaring melding gemaak van die T-hempies? -- Dit was met my laaste verklaring

/ wat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

wat ek afgelê het.

Wanneer is die laaste verklaring gemaak? -- Die laaste verklaring was plus-minus twee weke terug gemaak.

Wie het u verklaring geneem? -- My verklaring was deur majoor Kruger geneem.

Majoor Kruger, die ondersoekbeampte? -- Dit is korrek so.

Het u ooit enige verklaring voorheen gemaak? -- Ek het voorheen 'n verklaring gemaak.

Was daar enige melding in daardie verklaring van die kleredrag van enige mense? -- My vorige verklaring was spesifiek op gebeure, skietvoorvalle en dies meer.

Maar is daar enige melding gemaak in daardie verklaring van die kleredrag van enige persone? -- Nee.

Het u in daardie vorige verklaring die gebeurtenis wat u hier beskryf het van die groep van driehonderd - is daardie beskrywing in die eerste verklaring ingesluit? -- Daardie gebeurtenis was wel ingesluit, maar slegs kortliks.

Was daar enige rede waarom die merkwaardige feit nie in daardie verklaring ingesluit is nie? -- Ek sal sê ja, vir die rede, die eerste verklaring was afgelê spesifiek met die oog op skiettonele en dies meer.

Wanneer is daardie verklaring gemaak? -- Die eerste verklaring weet ek nie wanneer is hy gemaak nie. Dit was laat 1984 of vroeg 1985.

Vir watter doeleindes was dit nou nodig om 'n verdere verklaring te neem? Dit is nou twee weke gelede? -- Die nuwe verklaring was gemik spesifiek op sekere gebeurtenisse om meer inligting te verskaf oor die 3de en die tonele waar ek betrokke was.

Is u uitgevra deur majoor Kruger in verband met die kleredrag van mense? -- Nee, tydens die ondervraging het ek self aan

/ hom

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

hom genoem presies wat ek daar gemerk het.

Wie het u eerste verklaring geneem? -- Die eerste verklaring wat ek ingesit het, het ek self gemaak.

Het u nie gedink dat u eerste verklaring in verband met u waarneming van belang sou wees om mense miskien te identifiseer wat moontlik verantwoordelik was vir 'n deel van die onluste nie? -- Ek kon nooit 'n spesifieke persoon identifiseer in hierdie skares nie.

Maar die groep wat miskien verantwoordelik was? -- Daar was verskeie groepe gedurende die dag wat betrokke was by verskeie insidente.

Is dit die enigste groep waar u die hempies gesien het? -- Dit is die enigste groep waar ek die hempies gesien het.

Deur hoeveel groepe is u aangeval gedurende die 3de en die 4de? -- Dit is vir my onmoontlik om te sê. Ek kan nie sê nie.

Omdat dit te veel was? -- Dit is baie.

Meer as tien of meer as twintig gedurende die twee dae? -- Ek is jammer, ek kan nie daardie vraag antwoord nie. Daar was baie.

Ek stel dit nie spesifiek aan u nie, maar is u seker dat daar 'n zone 15 bestaan? -- Ek kan noem ek is nie 'n inwoner van Sebokeng nie. Volgens die kaarte waaroor ons beskik is daar wel 'n zone 15.

Maar weet u of dit bebou is en of mense nog daar woon of nie? -- Dit kan ek nie sê nie.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK</u> : Die eerste verklaring wat u afgelê het, was u die enigste persoon wat daar 'n verklaring afgelê het daardie tyd in verband met die gebeure? -- Nee, al die mense wat betrokke was tydens die 1984 onluste, het 'n verklaring afgelê.

/Uit

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Uit hulle eie of het hulle opdrag gekry om dit te doen? -- Ons het op daardie stadium 'n opdrag gekry om 'n verklaring te maak om spesifieke gewondes wat deur die dag in verskeie areas gekry is, om agter te kom watter voertuie in daardie omgewings opgetree het.

Met ander woorde, as ek u reg verstaan, daar was gewondes en dit was gepoog om sekere polisiebeamptes by die gewondes uit te bring om te kyk wie was betrokke by die voorval? -- Dit is korrek so. Ek kan net noem dat al die radiovoertuie wat tydens die 1984 onluste gebruik was, nie almal op dieselfde frekwensie was nie. Met die gevolg is, daar was twee, drie frekwensies gebruik deur verskillende vertakkinge.

HOF : As u praat van verskillende frekwensies, beteken dit dan die veiligheidstak het een frekwensie en die uniformpolisie 'n ander een die onlustepolisie 'n ander een? -- Ek kan daarop 'n bietjie verder ingaan. Die onluseenheid as sulks gebruik een en dan Vereeniging se normale - dit is nou die veiligheidstak ingesluit - hulle gebruik 'n ander frekwensie en dan lede van Wes-Rand, dit is nou Krugersdorp of Roodepoort gebruik 'n ander frekwensie. Die onluseenheid is gelukkig in die posisie hulle radio's kan oorskakel na feitlik enige van die ander frekwensies, maar baie van die voertuie wat slegs op 'n stasie gebruik word, sit net met 'n enkelfrekwensie radio. Dan was hulle genoodsaak om net op een frekwensie te werk.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Ek roep dan 'n getuie Pieter Ignatius Machiel van Deventer.

PIETER IGNATIUS MACHIEL VAN DEVENTER, v.o.e.

MNR. JACOBS : Die getuie sal getuienis gee op 'n voorval op die 3de waarby hy betrokke was, 3 September 1984.

/ONDERVRAGING

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Van Deventer, u is in diens van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad te Houtkop, Sebokeng? -- Dit is korrek.

Wat is u nering daar? -- Verbonde aan die sweisafdeling.

En waar is u werkswinkel? -- In Gebied 13.

Sebokeng? -- In Sebokeng.

Op 3 September 1984 het u gerapporteer by u werksplek vir diens? -- Dit is korrek.

Hoe laat het u daar gearriveer? -- Ongeveer 06h55.

Toe u daar gekom het, het u een van u werknemers aangesit om die voertuig wat u gebruik te was? -- Dit is korrek.

Wat het toe daar gebeur? -- Nadat die voertuig gewas is, het ons nog 'n bietjie buitekant gestaan en gesels.

Hoe laat was dit toe omtrent? -- Dit was ongeveer 07h10.

Ja? -- Die volgende oomblik het hulle maar net toegesak op my.

Wat bedoel u? Kan u vir ons meer die situasie duideliker omskryf wat daar gebeur het? -- Volgens die uitsig wat ek gehad het, het ek 'n groep Swartmense gesien wat afbeweeg met die pad na my werksplek toe.

As u sê 'n groep Swartmense, hoe groot was die groep gewees? -- Dit is moeilik om te skat, maar ek sal sê ongeveer twee- na driehonderd mense.

Wat was hulle besig om te doen? -- Op daardie stadium het die klippe op my gereën.

HOF : Is u werksplek deel van die Administratiewe blok of is u apart van die Administratiewe blok? -- Ek was deel van die Administratiewe blok.

MNR. JACOBS : Het hierdie mense stil aangekom of was daar 'n geraas gewees? -- Toe ek hulle waarneem was daar 'n groot geraas gewees.

..../In

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

In watter opsig? Kan u vir ons sê hoe was die geraas? -- 'n Geskreeu en hulle het hulle hande in die lug gesteek en so aan.

HOF: Waarvandaan af het hulle gekom? -- Met die teerpad af.

Dit help my niks. Van watter gebied na watter gebied toe? Watter teerpad het hulle mee geloop? -- Soos my werksplek was is daar 'n teerstraat reg voor my werksplek en hulle het daar afbeweeg na my werksplek toe.

MNR. JACOBS : In Sebokeng gebied 13? -- Ja.

Die eerste keer toe u hulle opgemerk het was op die teerpad toe hulle voor u werkswinkel verbygaan? -- Dit is korrek.

Hoe ver was hulle van u af toe hulle die eerste keer opgemerk het? -- Ongeveer, twintig, dertig meter.

HOF : Toe u hulle opmerk was hulle twintig of dertig meter weg? -- Van my af, ja.

Maar het u dan niks gehoor voor die tyd nie? -- Ja, die uitsig word eintlik 'n bietjie versper deur 'n sekere deel van die geboue.

MNR. JACOBS : Is dit op die plek wat u gestaan het? -- Dit is korrek, ja.

Was u aan die agterkant of langsaan of voor die geboue? -- Dit was voor die geboue gewees. Hulle het van agter die gebou af gekom en vorentoe beweeg.

As hulle nou van agter af gekom het, ek wil net die prentjie duidelik kry, soos u sê en vorentoe, is die geboue van u omhein met enige spesifieke omheining? -- Veiligheidsomheining.

Wat se veiligheidsomheining? -- Draad.

As hulle van agter af na vorentoe kom, kom hulle dan op die teerpad? -- Ja, wel, die teerpad loop reg voor die

.../gebou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gebou verby en daar is draad reg rondom met twee dubbele hekke en die twee hekke het oop gestaan.

HOF: Hulle was, toe u hulle sien, nog buite die veiligheidsheining? -- Korrek.

MNR. JACOBS : U sê toe reën die klippe op u? -- Dit is korrek.

Wat het u toe gedoen? -- Ek het my vuurwapen by my gehad. Toe skiet en waarskuwingskote in die lug op, maar dit het in elk geval niks gehelp nie. Toe moes ek vlug, want toe is hulle besig om ons met klippe te gooi.

Het hierdie mense ingekom by die veiligheidshek? -- Dit is korrek, want my voertuig het buitekant gestaan en toe ek in my werkswinkel in vlug, het hulle hom omgekeer en aan die brand gesteek.

Het u alleen in die werkswinkel ingevlug? -- Daar was ongeveer veertien Swartes saam met my.

Van u werknemers? -- Dit is reg.

Wat doen u toe? -- Toe vlug ons in die werkswinkel in en gelukkig is dit staaldeure, toe slaan ons die staaldeure toe. Toe val hulle my werkswinkel aan. Op daardie stadium was dit net glasstukke en klippe.

Is die ruite stukkend gegooi? -- Al die ruite is stukkend gegooi.

Waarvan is hierdie werkswinkel gebou? -- Dit is 'n steengebou.

En toe? -- Ons het omtrent al veertien in my kantoor ingehardloop. Van die Swartes het onder my lessenaar ingekruip.

Die staaldeure wat vroeër toegeslaan was, was daar enigsins probeer om hulle oop te maak? -- Daar was geruk en pluk aan hulle, ja.

Kon hulle nie daarin slaag om dit oop te kry nie ?-- Nee, hulle kon nie slaag om dit oop te kry nie.

/En

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

En in u kantoor? U het nou daar ingevlug. Wat gebeur toe? -- Daar is nog ander geboue ook en die res van die vensters wat daar oor was, het hulle ook stukkend gegooi en die gebou toe ook stukkend gegooi en probeer aan die brand steek.

U sê probeer aan die brand steek? -- Dit is korrek, ja.

Hoe en waarmee? -- Met petrolbomme.

Het u probeer om hulp te ontbied?

HOF : Hoeveel petrolbomme het u daar gesien? -- Ek het definitief twee gesien waarmee hulle my bakkie aan die brand gesteek het.

En die geboue? -- Nee, die geboue het op daardie stadium nie gebrand nie.

MNR. JACOBS : Maar u sê hulle het probeer om dit aan die brand te steek met petrolbomme. Hoe het u gesien hoeveel petrolbomme is na die geboue gegooi? -- Die klein kansie wat ek gehad het om te kyk, het ek net gesien hulle gooi die vensters stukkend en bottels wat hulle gehad het, maar blykbaar was dit onsuksesvol gewees.

HOF: Maar ek wil weet hoeveel van die goed? Hoeveel bottels het u gesien? -- Ek het twee bottels gesien waarmee hulle my bakkie gebrand het.

MNR. JACOBS : Toe hulle die geboue probeer brand, het u enige bottels gesien? -- Nee, op daardie stadium kon ek niks sien nie, want ek het toe beskerm gesoek.

Het u enige bottels gesien of gehoor wat gebreek het of geval het of iets getref het? -- Daar was soveel glasstukke in elk geval. Ek glo nie 'n mens kon waargeneem het wat se glasstukke dit is nie.

Wat het toe verder gebeur?-- Nadat hulle my bakkie toe aan die brand gesteek het, toe beweeg hulle na die biersaal toe, net 'n entjie van my af.

/ Kon

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Kon u dit sien? -- Ja, ek kon dit gesien het.

Waar was u toe gewees? -- Toe was ek nog steeds binne-in my werkswinkel gewees.

Wat gebeur toe? -- Ek het drie van my werknemers probeer uitstuur om hulp te gaan ontbied. Toe probeer ek die Swartmense binnekant bymekaar hou, want hulle probeer toe uitvlug om uit die situasie te kom. Toe sê ek vir hulle "Nee, julle moet liewers by my bly, laat ons kyk, miskien daag daar hulp op. Een van my Swartes het toe deurgekom en die berig is op die radio gemonitor dat ek vasgekeer is in gebied 13 en dat iemand my moet kom help.

Laat ons net hierdie punt duidelik afhandel. U het gesien die massa beweeg na die drankwinkel of biersaal toe? -- Dit is korrek.

Wat is dit? 'n Biersaal of 'n drankwinkel? -- Dit is 'n drankwinkel.

Wat gebeur daar? -- Daar het ek gesien hoe hulle die deure uitgeruk het, die deure stukkend geslaan het en toe die drankwinkel stukkend gooi met klippe en party het van die kaste drank weggedra.

Wat gebeur na die aanval op die drankwinkel? -- Op daardie stadium het hulle toe terugbeweeg na my werkswinkel toe. Die enigste uitweg was toe gewees om, bo in my werkswinkel het ek 'n oop plafon gehad. Toe het ons, ek en omtrent agt wat nog oorgebly het, bo in die plafon gaan wegkruip. Daar het ons omtrent vir ongeveer tien na vyftien minute gelê.

Hierdie mense wat nou van die drankwinkel af teruggekeer het na die werkswinkel toe, het hulle weer daar by die werkswinkel gekom en iets gedoen? -- Ja, die klomp wat toe weer terugbeweeg het, party van hulle het langs die mure gesit en van die bierbottels oopgemaak en begin drink. Ander het

..../ weer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

weer van die stukkies ruit wat daar nog oor was, klippe in die werkswinkel ingegooi.

Ja en toe? -- Soos ek gesê het, ons het vir ongeveer vyftien minute daar bo-op die plafon gelê toe hulp opgedaag het.

Wie het gekom om u te kom haal? -- Twee van ons inspekteurs.

Wat het gebeur toe die hulp opgedaag het met die mense wat nog daar om die werkswinkel was? -- Op daardie stadium wat ek kon waargeneem het, toe hulle die voertuie sien inbeweeg na my werksplek toe, het ek gesien hulle laat spaander. Toe het ek bo van die plafon afgekom. Ek het die Swartes net daar so gelos en ek het in die voertuig ingespring en hulle het my uitgebring na veiligheid.

Toe u uitkom uit die werkswinkel uit om na die bakkie te gaan, het u nog van die mense gesien van hierdie massas wat u aangeval het? -- Ja, die hele plek was weer - daar was baie om die werksplek gewees.

Wat was hulle besig om te doen? -- Toe ek in die voertuig inklim en ons uitry by die hek uit, dat ons opbeweeg om uit te kom, het hulle ons weer met klippe gegooi.

Toe u nou uitgekom het en in die voertuig geklim het, het hulle weer nader gekom? -- Ja, hulle was baie aggressief.

U sê hulle het die voertuig weer met klippe gegooi? -- Dit is korrek.

Het hulle die voertuig getref? -- Houe wat ek kon gehoor was was omtrent drie of vier.

Het u toe uitbeweeg? -- Ons het uitbeweeg.

Uit die perseel uit? -- Uit die perseel uit op met die hoofstraat waar mnr. Bester gestaan het. Hy het daar gestaan en wag.

.../ Waarmee

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Waarmee was hy daar? Was hy ook in 'n voertuig gewees? -- Hy was ook in 'n voertuig.

Wat het toe gebeur toe julle by mnr. Bester kom? -- Toe het hy in sy voertuig en ons in die ander een oor die padversperrings gery en toe is ons uit.

Waar was die padversperrings? -- Dit was net so aan die bokant in die teerpad gepak gewees.

Wat was die geaardheid daarvan? -- Dit was groot klippe gewees en asdromme.

Was daar op enige stadium geskiet om hierdie skare daarso uiteen te dryf of nie terwyl julle daar was? -- Nee, glad nie. Ek het geensins weer 'n vuurwapen gebruik terwyl ons uitbeweeg het nie.

Weet u of mnr. Bester gevuur het? -- Nee, ek sal nie kan sê nie, want op daardie stadium toe hulle gearriveer het, was ek nog bo in die plafon gewees.

Maar toe u uitbeweeg? -- Nee, toe was daar glad niks nie.

In die skare wat u daar gesien het, kon u enigiets opmerk omtrent hulle kleredrag? Wat ek wel waargeneem het is geel T-hempies wat hulle aangehad het, maar ek kan niks sê nie. Dit was gewone drag gewees, so het ek dit aangeneem.

U kon nie enige beskrywing op die T-hemde sien nie? -- Glad nie.

U het nou gepraat van daardie een versperring wat u daar gekry het, het u enige verdere versperrings gekry soos u uitbeweeg het of nie? -- Nee, glad nie.

U is later toe huis toe geneem na hierdie voorval? -- Dit is korrek.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> : Mnr. Van Deventer, hoe vroeg is u werk toe op die 3de? -- Soos ek alreeds gesê het ek het 06h55 gearriveer by my werksplek.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Gebruik u gewoonlik dieselfde pad vanaf u woning om na u werksplek toe te gaan? -- Dit is korrek, ja.

Waar woon u? -- Sanlampark, Vereeniging.

Van watter rigting het u Sebokeng genader werk toe die oggend? -- Van 'n suidelike rigting af. Van ons hoofkantoor af.

Dit wil sê die plek wat Houtkop genoem word? -- Ja, dit is reg. Dit is waar ons hoofkantoorkompleks is. Daar is net een teerpad na die gebiede toe en dit is hy.

Het u met die teerpad gery van Houtkop af na Zone 13 in Sebokeng? -- Dit is korrek.

Hoe ver is dit van Houtkop af tot by die Administrasie-kantoor te Sebokeng?

HOF : Gebied 13?

MNR. BIZOS : Zone 13? -- Ongeveer 5 kilometer.

En is daar huise aan beide kante van die teerpad as u binne-in Sebokeng kom? -- Dit is korrek.

Voor u by die Administrasiekantore te Sebokeng gekom het? -- Dit is korrek, ja.

HOF : Te Gebied 13?

MNR. BIZOS : Nie net in gebied 13 nie, maar Sebokeng in die algemeen.

HOF : Maar voor hy by die Administrasiekantore in Gebied 13 gekom het?

MNR. BIZOS : In Gebied 13 gekom het.

HOF : Nie die hoofkantoor nie?

MNR. BIZOS : Nie die hoofkantoor nie. Van die hoofkantoor af na zone 13. Vir watter afstand is daar huise op die pad in die reis van 5 kilometer? -- Van my werksplek af tot op die einde van die gebied, sal ek sê ongeveer 'n kilometer.

Toe u op pad werk toe was, was daar enige versperrings op die teerpad? -- Nee, op daardie stadium was daar nog geen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

versperrings nie.

Is die pad wat voor die Administrasiekantore in gebied 13 verbyloop geteer of nie? -- Ja, dit is 'n pad wat geteer is.

HOF : Loop daardie pad oos/wes of noord/suid? -- Hy loop ocs/wes.

Ek gaan nou die verdaging neem. U kan intussen net 'n bietjie kyk na hierdie BEWYSSTUK AAR(1) en uself op hoogte bring. Daar is blokke op. Die blok 57 is gebied 13 en julle Administrasiekantore word as nr. 35 aangegee. Miskien kan dit dan makliker gaan.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

COURT : I would like to place the following on record. During the adjournment I was seen in chambers by Messrs. Cooney and Loxton who appear in the case of S v PASTOORS in front of SPOELSTRA, J. for the defence. At their request I grant the lifting of the embargo on the evidence of witness IC.7 in this case for the purposes of that case only and on the following conditions : That the name of that witness, where it appears in that portion of the record, be erased; that this applies to volumes 10 and 11, pages 516 to 578 of the evidence in this case; that only counsel and the Court are to have access to this evidence and that only two copies may be made one for the State in that case and one for the defence in that case.

PIETER IGNATIUS VAN DEVENTER, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : U het voor u 'n foto, BEWYSSTUK AAR(1)? -- Dit is korrek.

U sien voor u punt 35 op die linkerkant van die foto? -- Dit is korrek.

Is dit die Administrasiekantore en u winkel? -- Dit is

/ korrek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

korrek.

Die hoofpaaie op die foto is in groen. Sien u dit? -- Dit is korrek.

Sal u asseblief net vir ons wys hoe u werk toe gery het die oggend van die 3de? -- Volgens my kaart is hier 'n punt 876. Dit is van die hoofkantoor af.

En het u die hoofpad gevolg? -- Dit is korrek.

Tot waar?-- Tot by punt 39, net voor punt 39 is daar 'n links afdraai.

Het u links gedraai? -- Het ek links gedraai.

Tot by die straat waar punt 35 geleë is, het u regs gedraai?

HOF : Net 'n oomblik. Het u links gedraai met die groen lyn of het u links gedraai waar 39 is? -- Ek het links gedraai net voor 39 op die groen lyn.

U het voor 39 op die groen lyn links gedraai? -- Dit is korrek, ja.

Dit is met ander woorde, op die groen lyn wat blok 58 van blok 57 skei? -- Dit is korrek.

En het u dan hoe ver gery met die groen lyn? Tot by die eerste dwarsstraat? -- Tot by die eerste dwarsstraat regs.

MNR. BIZOS : Eerste of tweede? -- Jy kan op baie maniere ry, maar daardie oggend het ek met die eerste een afgegaan.

U het by die eerste een regs gedraai? -- Regs, ja.

HOF : Daar is een wat onmiddellik begin net as 'n mens links gedraai het by 39 en dan is daar een 'n hele blok verder? -- Dit is reg.

Eintlik is dit die tweede een? -- Die tweede een.

Die tweede een wat u regs gedraai het? -- Dit is reg, ja.

Toe u direk by 35 uitgekom het? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Die twee strate wat nie groen gemerk is nie, maar

..... / wat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

wat tussen u winkel is - weet u van watter twee strate ek praat, as hulle sou aangegaan het totdat dit 'n driehoek gevorm het? --

HOF : Ek begryp nie mooi wat u bedoel nie, mnr. Bizos. -- Al strate wat daar is, is op die linkerkant as jy afbeweeg. Daar is twee strate links uit.

MR BIZOS : What I am referring to - what I want to identify, are the two streets, as you are looking at the photograph, on the top and bottom and the Administration block is between them? If you extend the two streets ... (Court intervenes)

COURT : Horizontal?

MR BIZOS : Yes. If you extend those two streets, a triangle would have been formed, at a point just above the letter or the number 5.

COURT: Yes, I am not certain that you numberings are exactly the same on all these photographs. We must bear that in mind, because the numbering actually refers to an arrow. I see thatactually the block in which the administrative offices are situated may be called a rectangle except that the right-hand side makes a sort of a sharp angle.

MR BIZOS : That is right.

COURT : Do you want the two streets running to the sides of that sharp angle?

MR BIZOS : Yes, the two starting off from the green finishing up with a triangle beyond the 5.

COURT : Yes, I have got it. So, that would be street number 2 -along the green, street number 2 and street number 3, which, if extended, which eventually join?

MR BIZOS : Join. Is u saam met ons, mnr. Van Deventer? -- Dit is korrek.

Die twee strate, ry busse op een of ander van hierdie

.../ twee

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

twee strate? -- Nee, glad nie, want dit is nie hoofroetes nie.

HOF : Met ander woorde, op die tweede straat wat u netnou genoem het en op die 3de straat ry daar nie busse nie? -- Nee.

MNR. BIZOS : Sien u nr. 25? -- Dit is korrek.

Wat daar begin en tot by die groen kom, is daar busse op daardie straat? -- Dit is korrek, ja.

HOF : Dit is nie horisontaal nie, maar vertikaal. Is dit wat u bedoel? -- Dit is reg.

Die busse loop noord/suid daar, nie oos/wes nie? -- Net voor punt 13 onder kan hulle ook indraai, ook links as u op die hoofroete gaan. Punt 13 kan hulle ook links indraai.

Net 'n oomblik, ek sien nie op die oomblik punt 13 by my nie. -- Dit is net voor punt 13 links.

Wat van punt 13? Daar kan hulle in ry en dan ry hulle aan die noordekant van die administratiewe blok verby? -- Dit is korrek, ja.

Eintlik vra die advokaat vir u, loop die bus by punt 25 verby en dan suid? -- Nee, dan beweeg hulle mos nou weer op.

U moet nie van op en af praat nie. Noord, suid, oos of wes. As u die kaart reg neersit, dan is die groot plat gedeelte noord en links is wes en regs is oos. -- Hulle gaan om die winkelkompleks want daar is 'n busterminus en dan beweeg hulle oos.

MNR. BIZOS : Laat ons dit so stel sodat daar geen misverstand is nie. By die punt wat uitgewys is as punt 35, die straat daar, ry daar busse of nie? -- Ja, daar ry definitief busse.

HOF : Ken u die busroetes goed in Sebokeng? -- Ek werk al vyftien jaar daar. Ek behoort dit te ken.

Trek asseblief vir my al die busroetes op daardie kaart met 'n rooi pen. U moet net nie 'n fout maak nie, asseblief.

..../(Getuie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- (Getuie dui busroetes op kaart aan)

Terwyl die getuie besig is, is daar nie 'n lugfoto van Sharpeville nie? Al wat ons het is 'n lugfoto van Boipatong wat verkeerd gespel is en een van Sebokeng.

MNR. BIZOS : Ek het nie een gesien nie.

HOF : Het u nie een van Sharpeville gesien nie?

MNR. BIZOS : Ek weet nie of die Staat dit het nie.

MNR. JACOBS : Ek dink daar is een in die kantoor. Ons sal net kyk.

HOF : Wel, mnr. Jacobs, u weet in hierdie saak het ons nie eers 'n kaart wat vir ons die relatiewe ligging aandui tussen Sebokeng en Boipatong en Bophelong nie? Veral wat ons weet lê hulle myle uitmekaar of teenaan mekaar. Ons het 'n kaart, maar dit is nie voor die Hof nie. Ons moet hom maar self gaan aanskaf dat ons darem weet waar lê dit, maar ons moet darem sekerlik weet, voor die Hof hê by ooreenkoms of bewys hoe dit daar lyk van 'n kaart af en ons moet van Sharpeville self ook 'n - of 'n lugfoto of 'n plan of iets van die aard hê.

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit vir die Hof kry. -- Net op gebied 13 gekonsentreer?

HOF : Nee, as u kennis dra van die ander gebiede, sal ek ook bly wees as u dit inteken.

MR BIZOS : May I suggest that we do that by consent. I do not know whether Your Lordship's original exhibit may not be put into question. If we can deal with 13.

HOF : Bly net 'n oomblik by gebied 13.

MNR. BIZOS : I think we will do something by consent.

HOF : Maar wanneer gaan ek dit kry, mnr.Bizos? Ek sit nou al twee dae en vra of dit 'n op busroete is en of dit nie op 'n busroete is nie, waar daar 'n versperring is en dit is vir my heeltemal vaag? Hoe lank gaan u neem om ooreenkoms te kry?

/Ek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Ek het nou 'n getuie wat vir my sê waar dit is.

MNR. BIZOS : Ons is nie gevra nie. As ons gevra was.

HOF : Het u gebied 13 gedoen? -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Kan ons dit net sien, asseblief? Could I show this to the accused, My Lord?

HOF : Ek dink u moet dit net eers vir my wys.

MR BIZOS : I thought I would be able to tell Your Lordship that it was by consent before Your Lordship saw it.

HOF: Dit is nou mooi duidelik. Nou weet 'n mens hoe loop die busroetes. Ek dink die getuie moet miskien maar voortgaan en al die busroetes op die kaart sit. Hy het dit baie netjies gedoen. Dit gaan 'n bietjie vinniger as per ooreenkoms. -- (Getuie dui busroetes in ander gebiede ook aan) (Kaart word ook aan die beskuldigdes getoon)

MNR. BIZOS : Het u met die pad gery wat deur die busse gebruik is vir 'n sekere afstand? -- Nee, glad nie.

HOF : Ook nie voordat u by gebied 13 gekom het nie? -- Net op die P88, net die hoofpad van die hoofkantoor af na gebied 13.

MNR. BIZOS : U het vir ons gesê toe u op pad werk toe was het u geen versperrings gesien nie? -- Op daardie stadium was daar nog glad nie versperrings nie.

Weet u of die busse dieselfde roete gebruik om in die gebied te gaan en uit die gebied te ry?

HOF : Met ander woorde, gaan hulle op een plek in en kom hulle op dieselfde plek uit of kom hulle by die een plek in en gaan op 'n ander plek uit? -- Hulle kom gewoonlik op die P88 links in... (Hof kom tussenbei)

Wat is links? -- Die westekant gaan hulle in, dan ry hulle om gebied 13 om daar mense op te tel en dan beweeg hulle na gebied 14 toe en dan kom hulle met die ander pad uit, soos

/ek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ek dit op die kaart aangedui het.

MNR. BIZOS : In elk geval, was die enigste aanduiding aan u dat daar moeilikheid op die betrokke dag mag wees, toe u aangeval is om 07h00 die oggend? -- Nee, glad nie. Ek het geen benul gehad dat daar enigsins so iets sal gebeur nie.

Daar was niks wat u gesien het of gehoor het toe u van Houtkop af gery het tot by u werkswinkel wat vir u aanduidend was dat daar miskien iets buitengewoon in die omgewing gebeur of sal gebeur nie? -- Nee, glad nie. Die enigste wat ek waargeneem het is toe ek by my werksplek stilgehou het. Toe was daar blykbaar traanrook al geskiet, want die traanrook was in my oë.

Dit was by of naby u werkswinkel na 07h00? -- Dit is korrek, ja.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Ekskuus, dit was voor 07h00, 06h55?

HOF: Om 06h55 het u gearriveer? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Wanneer is die traanrook geskiet? Was dit toe u besig was om net te gesels of toe u daar gekom het? -- Toe ek daar gekom het.

Wanneer was u by Houtkop? Was u Vrydag daar? Die vorige Vrydag?

HOF : Wat is die datum?

MNR. BIZOS : Dit sou die 1ste gewees het?

HOF : 1 September. Was u op Houtkop gewees? -- Dit is reg. Ek was by die werk gewees.

MNR. BIZOS : Nee, die werkswinkel is nie in Houtkop nie. Ek praat van die kantore te Houtkop? Wanneer was u laas by Houtkop voor die 3de? -- Wel, die Vrydagmôre voor Maandag, die 3de.

HOF : Klok u in elke oggend voordat u na gebied 13 toe ry? -- Nee, ek ry direk soontoe.

Vrydag was die 31ste, as ons dit reg het? -- Dit is korrek.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

31 Augustus.

MNR. BIZOS : Is enige waarskuwing aan u gegee in verband met die Maandag? -- Nee, glad nie.

Is u gesê deur enigiemand op die Vrydag voor die 3de dat mense nie werk toe sou gaan op die Maandag nie? -- Nee, glad nie, nie wat ek van weet nie.

HOF : Het u werkgewers - u werknemers nie vir u gesê dat daar 'n sogenaamde "stay-away" sal wees die Maandag nie? -- Daar was sprake gewees daarvan.

MNR. BIZOS : Deur u werknemers? -- Nee, deur my werkgewers, die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad.

Maar niemand het dit as ernstig beskou nie? -- Ek neem so aan.

Omdat u nie gewaarsku was nie? -- Dit is korrek.

U het nie moeilikheid verwag nie? -- Dit is korrek.

Terwyl u tussen die huise u motor bestuur het, het u niks buitengewoon opgemerk wat vir u 'n aanduiding sou gewees het dat moeilikheid aan die gang was nie? -- Nee, glad nie.

Wanneer was u vir die heel eerste keer gevra in verband met die kleredrag van die mense wat u aangeval het? -- Na ek my verklaring gedoen het. Terwyl ek besig was, was dit aan my gevra of ek spesifiek iets kan uitken in verband met die kleredrag.

Wanneer was dit? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Maar hoe lank gelede? -- Dit was ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Was dit 'n maand of 'n jaar gelede? -- Nee, dit was omtrent drie maande daarna. Ek kan nie nou die presiese datum van die verklaring onthou nie.

Wanneer het u vir die heel eerste keer 'n verklaring gemaak?

/Toe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- Toe veiligheid by my gewees het by hoofkantoor.

HOF: Dit is aan u eie mense, nie aan die polisie nie? -- Nee, nee, nee, dit is aan die Suid-Afrikaanse Polisie.

MNR. BIZOS : Veiligheidspolisie? -- Dit is korrek.

Hoeveel mense het geel T-hempies gedra volgens u waarneming, as u kan sê? -- Ek kan glad nie, want soos ek alreeds gesê het, ek kon net nie sien nie. Ek kan nie spesifiek sê hoeveel was dit nie.

Het die geel T-hempies op daardie dag enige betekenis vir u gehad? -- Absoluut glad nie.

Hoeveel mense het wit hemde gedra? -- Ek sal nie kan sê nie.

Of rooi? -- Ek sal glad nie kan sê nie.

Hoe laat is u van die gevaarlike situasie uitgeneem? -- Ongeveer 09h10.

En dit is die eerste keer wat u enige versperrings op die pad opgemerk het? -- Dit is korrek, ja.

Nadat u skote gehoor het en traangas geskiet is? -- Ekskuus, herhaal net 'n bietjie die vraag weer, asseblief?

Terwyl u binne-in u kantoor saam met u werknemers was, het u skote gehoor buitekant? -- Nee, ek het glad nie skote gehoor nie, net die traanrook se reuk.

Is dit nie met 'n skoot gevuur nie? -- Nee, ek weet nie of daar skote gevuur is voor ek daar gekom het nie, maar ek het glad nie skote gehoor nie.

En op pad uit, het u verskillende polisievoertuie gesien? -- Nee, daar was geen polisievoertuie nie, behalwe die twee van ons Ontwikkelingsraad wat my kom uithaal het.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

HOF : Ek wil die volgende aan die hand doen, mnre. Jacobs en Bizos. Dit is dat ons hierdie getuie vra om te gaan sit

/ saam

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

saam met julle en miskien as dit nodig is, 'n beskuldigde wat die gebied ken, die busroetes op die kaart aan te dui; dat dit gebeur om etenstyd sodat ons nie die Hof verder ophou nie, maar dan het ons iemand daar wat die gebied ken van u kant, die beskuldigdes ken hom van die ander kant en dat u dit doen in rooi pen. As daar nie 'n ooreenkoms is nie, wil ek die getuie na ete hê dat hy vir my dit onder eed kom getuig waar die busroetes is. Is dit in orde?

MR BIZOS : We would welcome that, because I in fact have an instruction that there is to be an addition there because they actually make a circle around but I did not want totake it any further.

HOF : Ek dink dit moet u uitdebatteer etenstyd. Miskien moet daar maar een-een beskuldigde bykom wat die wêreld ken.

MNR. BIZOS : Ja, daar is 'n paar beskuldigdes wat die plek goed ken.

HOF : U sal nou afstaan. Indien daar ooreenkoms is tussen die busroetes en die advokate daarmee tevrede is, is u verder verskoon van bywoning. As daar nie ooreenkoms is oor die busroetes, dan wil ek net na ete u weer in die getuiebank sien. U moet asseblief nie verdwyn nie. Etenstyd sal hulle u nodig hê. -- Goed.

GETUIE STAAN AF.

- - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Die volgende getuie is André Nienaber.

HOF : Wat u ook aan kan dink, mnr. Jacobs, die kaart wat die Staatsdrukker uitgee van die gebied kan miskien gebruik word vir die busroetes. Dan kan u die hele gebied se busroetes dek, maar hierop is dit baie handig.

ANDRÉ NIENABER, v.o.e.

MNR. JACOBS : U Edele, die getuie gaan ook getuienis

/ gee

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gee oor die insident, wat die vorige getuie te hulp gesnel het.

HOF : Gaan hy baie byvoeg by wat ons alreeds weet, want mnr. Bizos het glad nie gekruisvra oor die kern van die aanval nie?

MNR. JACOBS : Nee, nie veel nie, maar daar gaan 'n bietjie so hier en daar wees.

HOF: Vra hom dan net oor die bietjie hier en daar.

MNR. JACOBS : Ek sal probeer sodat hy sy ding agtermekaar kan kry.

HOF : U kan 'n aanloop neem, maar nie te lank nie.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Nienaber, op 3 September 1984 het u gegaan na 'n oproep om die vorige getuie, mnr. Van Deventer, te gaan red? -- Dit is korrek.

Kan u vir ons sê ongeveer hoe laat of presies hoe laat het u gegaan na die gebied toe? -- Ongeveer 09h00.

Van waar af het u gegaan toe u vertrek het na die plek toe? Van waar het u vertrek? -- Ek het vertrek van gebied 14 af. Ek was op daardie oomblik in gebied 14, na gebied 13.

HOF: Wat is u funksie? Is u 'n veiligheidsman? -- Inspekteur.

U is 'n inspekteur? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : En waarmee het u gegaan? -- Ek het met my voertuig gery.

'n Bakkie? -- Dit is reg.

Toe u nou die werkswinkels nader, kan u vir ons sê wat het u opgemerk? -- Ek het 'n brandende voertuig opgemerk, 'n klein Datsun voertuig.

Waar was dit gewees? -- Dit was binne-in die werkswinkels gewees.

HOF : In die werkswinkelperseel of binne-in die werkswinkel? -- Die perseel.

MNR. JACOBS : Het u, toe u daardie perseel genader het, mense

/gesien

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gesien? -- Ja, ek het verskeie mense gesien, Swartes.

Wat se mense? -- Swartjeugdiges.

Kan u vir ons sê hoeveel hulle was? -- Dit was ongeveer so tweehonderd, driehonderd.

Wat was hulle besig om te doen toe u daar kom? -- Hulle het nader beweeg na die werkswinkels toe.

En toe? -- Ek het die persoon opgelaai, die vorige getuie, mnr. Van Deventer en uitbeweeg.

Terwyl u nou nader beweeg het en daar gestop het en gewag het vir die persoon om hom op te laai, is daar iets gedoen teenoor u? -- Hulle was aan die buitekant, in die strate gewees. Hulle het niks gedoen nie.

Het die vorige getuie toe ingeklim? -- Dit is korrek.

Wat het toe gebeur? -- Ons het toe uitbeweeg. Toe ons uitbeweeg het die mense nader gestorm en ons met klippe gegooi. Ons het oor versperrings beweeg. Hulle het ons raakgegooi ook.

Wat se versperrings het julle oor beweeg? -- Dit was klippe wat in die pad gepak was en asblikdeksels en asblikke.

Het mnr. Bester u gesteun? -- Hy het my gesteun en ons het verbybeweeg.

Was hy ook daar met 'n ander voertuig gewees? -- Dit is korrek.

Kan u sê toe hierdie mense die klippe gegooi het of daar enige aksie geneem was? -- Daar was aksie deur my geneem. Ek het wegbeweeg, maar mnr. Bester het skote afgevuur.

Toe u nou wegbeweeg het, hoe ver het u van hierdie skare af gekom wat u met klippe gegooi het? -- Ek sal sê ongeveer so vyftig meter.

Het u enigiets opgemerk aangaande hulle kleredrag of van die mense? -- Dit het so vinnig gebeur, maar van die mense

/ het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

het ek opgemerk het T-hempies aangehad, asook gewone drag.

Wat se T-hempies? Kon u onderskei? -- Ek kon glad nie onderskei nie.

Kon u enige kleure onderskei?

MR BIZOS : The State is coming very near to cross-examining him and in view of the fate of some - any way, I do not want to say anything more.

MNR. JACOBS : Ek dink ek kan seker vra of hy enige kleure onder die klere opgemerk het. Ek kruisondervra hom nie.

HOF : Ja. Het die T-hempies 'n kleur gehad? -- Dit is korrek.

Wat se kleur? -- Daar was verskeie. Die meeste was wit gewees, ander was geel en rooi. Dit was bont, maar die meeste was wit gewees.

MNR. JACOBS : Kon u onderskei terwyl die mense daar was of daar enige leiers is van hierdie groepe of die groep? -- Nee, ek kon nie.

Gedurende hierdie klipgooiery, was u voertuig getref? -- Dit is korrek.

In watter opsig? -- Hy was getref teen die bakwerk, die kajuit voor.

U het gesê u het sommer oor die versperrings gery? -- Ja, deur die versperrings en oor die asblikdeksels.

Het u mnr. Van Deventer uitgeneem? -- Dit is korrek. Ek het daarvanaf terugbeweeg kantoor toe.

HOF : Vertel vir my nou, mnr. Jacobs, hoeveel is u saak verder as wat dit was toe die getuie begin het?

MNR. JACOBS : Net dat toe hulle aangekom het, het hulle nog mense gekry wat die aanvalle geloods het.

HOF: Dit het ek al geweet voor die getuie in die getuiebank geklim het.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Net een aspek wat nie deur u gemeld is nie. U was in die kantoor in zone 14, het ek reg verstaan? -- Ek was in geen kantoor in gebied 14 nie.

Waar was u? -- Ek was binne-in my voertuig. Ek het patrollie gery.

HOF : U het 'n radio-oproep ontvang? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : In zone 14? -- Dit is korrek.

Hoe laat het u die oggend werk toe gekom? -- 07h45.

Waar woon u? -- Ek woon in Vereeniging, Sanlampark.

Ry u met u eie motor? -- Nee, die voertuig word verskaf aan ons.

U het u werkgewer se voertuig gehad? -- Dit is korrek.

Toe u gevra is om die vorige getuie, mnr. Van Deventer, te probeer red, was dit die eerste aanduiding wat u gehad het dat daar iets verkeerd in Sebokeng is? -- Ek het verneem van ons hoof, hy het ons gekontak en gesê dat hy vermoed dat mnr. Van Deventer is in gebied 13 vasgekeer. Dit was die eerste keer wat ek daarvan gehoor het.

Was dit die eerste keer wat u die oggend gehoor het dat daar iets buitengewoon in die gebied plaasvind? -- Dit is korrek.

HOF : Hoe laat was dit? -- Dit was die oggend 09h00, net voor 09h00, toe ek die oproep ontvang.

Tot 09h00 het u nie gehoor dat daar versperrings is, polisie-optrede of skares of klipgooiery of enigiets in die hele gebied nie? -- Nee, die dag het normaal begin.

Tot 09h00? -- 09h00 het ek die boodskap oor die radio gekry.

MNR. BIZOS : Dit was die eerste keer wat u enigiets van enige moeilikheid gehoor het? -- Dit is korrek.

En het u patrolliediens gedoen van 08h00 tot 09h00 in

..... / Sebokeng

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Sebokeng? -- Slegs gebied 14 en gebied 13. Ek het nie die hele gebied nie, slegs daardie gebiede.

En u kon sonder enige versperrings en enige moeilikheid in gebiede 13 en 14 rondry tot 09h00? -- Tot voor 09h00. Dit is korrek.

Hoe lank voor 09h00? -- Ek sal sê ongeveer vyftien minute na 'n halfuur, dertig minute.

HOF : Wag nou net so 'n bietjie. Wanneer het u die eerste versperrings opgemerk? -- Om 09h00 toe ek mnr. Van Deventer gaan uithaal het.

Waar was daardie versperrings? -- Dit was tussen gebiede 13 en 14, in die pad wat by die werkswinkels verbygaan.

MNR. BIZOS : Hoe ver van mnr. Van Deventer se werkswinkel het u die eerste versperring gesien? -- Dit was ongeveer so vyftig meter. Dit was op die hoek van die straat waar die strate kruis.

HOF: Hoe lank vantevore het u daardie punt gepatrolleer gehad? Wanneer was u daar gewees? -- Ek was vroeg die oggend daar gewees. Ek het daar begin by gebied 13. Dit is ons verste punt van ons kantoor af.

Toe was daar niks? -- Daar was niks.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die Staat roep Jeremia Mkoatsi Motsoening. Die getuie sal oor paragraaf 77 getuig van die akte.

JEREMIA MOTSOENING, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n inspekteur van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad? -- Ja.

Op die nag van 2/3 September 1984 het u aan diens gegaan te die Administrasiekantore by Houtkop? -- Ja.

/Op

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Op 3 September 1984 in die oggend ongeveer 07h00 is u na die Ontwikkelingsraad se kantore te Evaton? -- Ja.

Dit is so ongeveer 'n halwe kilometer weg van die Room-Katolieke Kerk te Small Farms? -- Ja.

Tussen die plek waar u was en die kerk, is daar enige geboue of is dit 'n kaal veld? -- Daar is 'n opening. Daar is wel Swarthuise soos wat 'n mens nou staan en in daardie rigting kyk aan die regterkant.

Kon u sien wat daar aangaan by die kerk vanwaar u was? -- Ja.

Wat was die doel? Waarom het u na die plek toe gegaan waarheen u gegaan het 07h00 in die oggend? -- Ek is soontoe net na 07h00. By die plek was daar baie mense gewees wat 'n vergadering gehou het.

Is u soontoe met die doel omdat u inligting gekry het van die vergadering of het u maar toevallig op die spul afgekom? -- Ek het net gesien dat daar baie mense was toe ek soontoe gegaan het.

U het gesê daar was baie mense. Waar was die baie mense? -- Ek het baie mense opgemerk wat in groot getalle die kerk-persele binnegegaan het.

